Proff Douglas Rawlings, Albert van Jaarsveld en Andrew Crouch

Natuurwetenskappe groet Dekaan

Die Fakulteit Natuurwetenskappe neem in Desember afskeid van sy dinamiese dekaan, prof Albert van Jaarsveld, wat in die ewe dinamiese pos as vise-president van die Nasionale Navorsingstigting (NNS) aangestel is.

Dié B-geëvalueerde wetenskaplike sal eers sy navorsingwerk oor bewaringsbeplanning en -bestuur op die lange baan moet skuif terwyl hy voorkeur gee aan sy nuwe betrekking, wat fokus op die bestuur van die NNS se toekenningstelsel vir navorsingsbefondsing.

Voordat prof Van Jaarsveld in 2002 as dekaan aangestel is, was hy die direkteur van die Sentrum vir Omgewingstudies aan die Universiteit van Pretoria.

Hy het 'n leidende rol gespeel in die onlangse herstruktureringsproses van die Universiteit, waar veral groot klem gelê is op die daarstelling van 'n koste-effektiewe benadering tot die inbestuur van die US se Visie 2012. Die proses het onder meer tot die ontwikkeling van die US se strategiese bestuursaanwyserstelsel gelei.

Prof Van Jaarsveld is onder meer die ontvanger van 'n Rektorstoekenning vir Voortreflike Navorsing en die Suid-Afrikaanse Dierkundige Vereniging se Goue Medalje vir sy vernuwende bydrae tot navorsing en opleiding oor die subkontinent se biodiversiteit en die bewaring daarvan.

Hy is ook 'n dryfkrag agter die daarstelling van die Suid-Afrikaanse Netwerk vir Omgewingswaarneming (SAEON) wat langtermyn-omgewingsmonitering en -navorsing ondersteun, asook die Suider-Afrikaanse Millennium Ekosisteemprojek.

Prof Douglas Rawlings van die Departement Mikrobiologie sal in sy plek as dekaan waarneem tot die nuwe aanstelling onder die nuwe rektor gefinaliseer is.

Intussen het die Fakulteit ook twee nuwe deeltydse mededekaansposte ingestel, wat veral op die studieprogramaanbod van die verskillende fokusgebiede sal fokus. Prof Andrew Crouch van die Departement Chemie en Polimeerwetenskap sit reeds die stoel vol as Mededekaan: Wiskundige en Fisiese Wetenskappe, terwyl prof Lise Korsten (Universiteit van Pretoria) teen Julie 2007 die posisie van Mededekaan: Biologiese Wetenskappe en Uitvoerende Hoof: Skool vir Biologiese Wetenskappe sal beklee.

SA Akademie vereer flinke wiskundige

'n Eertydse Flinkdink-wenner en verkiesingsanalis, prof Dirk Laurie van die Departement Wiskundige Wetenskappe, is vanjaar in die uitgelese geselskap van mediaman Ton Vosloo en die voormalige dirigent van die US Koor, Acama Fick, deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns vereer.

Hy het die Havengaprys vir Wiskundige, Chemiese of Fisiese Wetenskappe ontvang uit erkenning vir sy fundamentele bydraes tot die berekeningswiskunde op internasionale gebied, sy bydraes tot die populariseering en uitbouing van wiskunde in Suid-Afrika, asook sy bydrae tot die versameling van Afrikaanse wetenskapsliteratuur.

Benewens as akademikus het hy ook bekendheid verwerf as analis van die nasionale verkiesingsuitslae en vir deelname aan die gewilde program Flinkdink.

Hy het 'n wiskundige woordverwerkingspakket, LATEX, ontwerp, met 'n subpakket, PMX, wat gebruikers toelaat om bladmusiek te set.

Hy lewer 'n konstante stroom publikasies op akademiese gebied asook aktuele rubrieke.

Kirsten Mahood of the CIB helps Paul Wilton, Charl Schoeman and Greg van Schalkwyk of Cape Academy to explore their new microscope and computer.

Equipment for schools involved with ant project

Ten Western Cape schools involved in the Iimbovane: Exploring South African Biodiversity and Change outreach project received a microscope and a computer thanks to a generous grant from a British grants programme, the Darwin Initiative, and a partnership between the University of Sheffield and the DST-NRF Centre of Excellence for Invasion Biology (CIB) at Stellenbosch University.

Iimbovane (meaning 'ants' in isiXhosa) is an environmental education programme that uses the study of ants to inspire Grade 10 science learners about biodiversity and factors that threaten it.

• *See www.sun.ac.za/iimbovane for more information.*